

30 September 2021 - Belasting op toegevoegde waarde (BTW) vier 30ste verjaardag

Tshwane, 30 September 2021 - Vandag, dertig jaar gelede, het die Wet op Belasting op Toegevoegde Waarde, 1991, in werking getree. Belasting op toegevoegde waarde (BTW) was voorgenome as 'n meer kragtige verbruiksbelasting om die algemene verkoopsbelasting, gehef ingevolge die Wet op Verkoopsbelasting, 1978, te vervang. Na die belasting se inwerkingstelling in Frankryk in 1954, maak meer as 160 lande wêreldwyd nou gebruik van 'n BTW-stelsel (ook bekend as goedere en dienste belasting), wat dit die vinniggroeiendste belastinginstrument internasionaal maak.

Sommige van die faktore wat die oorsakeling na BTW in Suid-Afrika aangedryf het, was:

- 'n Breër basis en versterkte neutraliteit vanweë die vermoë om 'n wyer reeks dienste te belas.
- Die hef van verkoopsbelasting op bedryfsinsette het geleid tot watervalbelasting (of belasting op belasting), veral in kapitaal intensiewe industrië, en verhoogde uitvoerpryse vergeleke met lande wat 'n BTW bedryf.
- Verkoopsbelastingvrystellingsertifikate was gebruik om belastingvrye aankope te doen van goedere, vir herverkoop deur bedrywe, en was wyd misbruik veral as gevolg van die swak ouditspoor wat met die stelsel gepaard gegaan het.

BTW het bewys dat dit 'n stabiele en betroubare bron van inkomste is wat R4 miljard gegenereer het, vanaf die inwerkingtreding daarvan, tot 31 Augustus 2021.

SARS bedank die BTW-ondernekmers wat se nakoming gehelp het om BTW 'n sukses te maak in Suid-Afrika, wat ons breër doelwit steun van die instaatstelling van die regering om 'n bekwame staat te bou wat volhoubare ekonomiese groei en maatskaplike ontwikkeling kweek, wat die welstand van alle Suid-Afrikaners dien.

Vir meer inligting, kontak SarsMedia@sars.gov.za.